AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL NOVEMBER 2009
VRAESTEL 2

Vraag 1 Kringe in ‘n Bos (Opstelvraag)

Oor die algemeen baie swak beantwoord, gedeeltelik as gevolg van die manier waarop die opstelonderwerp geformuleer was. Kandidate se taalgebruik is oor die algemeen te swak om hierdie soort vraag te beantwoord.

Vraag 2 Kringe in ‘n Bos (Kontekstuele vraag)

Kandidate was nie goed voorbereid om vrae oor die laaste gedeelte van die roman te beantwoord nie. Hulle gebrekkige woordeskat en swak kennis van die roman het tot swak punte gelei.

Vraag 3 Die Ongelooflike avonture van Hanna Hoekom (Opstel)

Hierdie opstelonderwerp is beter beantwoord as die een van *Kringe in ‘n Bos*, maar was nogtans nie die beste keuse vir die kandidate nie. Hulle het gesukkel met sinskonstruksie en gebrekkige woordeskat en sodoende punte verloor vir taalgebruik.

Vraag 4 Die Ongelooflike avonture van Hanna Hoekom (Kontekstueel)

Hierdie vraag is die beste van die drie romans.se vrae beantwoord. Die vrae was miskien makliker om te verstaan en daarom het kandidate dit effens beter beantwoord.

Vraag 5 Meeulanders (Opstel)

Min kandidate het hierdie vraag beantwoord, maar min sentrums het hierdie roman gekies. Dieselfde redes vir swak punte kan egter aangevoer word: tweedetaalsprekers het nie die nodige woordeskat en kennis van letterkundige taalgebruik om so 'n vraag aan te pak nie.

Vraag 6 Meeulanders (Kontekstuele vrae)

Kandidate wat hierdie genre gekies het, het klaarblyklik die roman geniet en dit het redelik goed gegaan. Aangesien daar so baie karakters in die roman is, was dit belangrik om elkeen goed te ken en dit was duidelik dat sommige kandidate hulle leerwerk afgeskeep het.

Vraag 7 Poppie, die drama (Opstel)

Kandidate het bitter min detail gegee en rondgespring met hulle feite. Aangesien daar so baie karakters met vreemde name was, kon slegs kandidate wat goed geleer het enigsins hierdie vraag beantwoord. Min kandidate het hieroor geskryf.

Vraag 8 Poppie die drama (Kontekstueel)

Kandidate het vraag 8.5.1 en 8.5.2 baie moeilik gevind. Die meeste vrae is swak beantwoord omdat die vrae nie verstaan is nie. Dit bewys weer dat letterkundige terminologie nie verstaan of onderrig is nie.

Vraag 9 Paljas (Opstel)

Kandidate het duidelik nie die terminologie verstaan nie. Hierdie soort vrae is nie geskik vir T2-kandidate nie, en moet tot HT beperk word. Kandidate moet liefs hierdie soort vraag vermy.

Vraag 10 Paljas (Kontekstueel)

Oor die algemeen goed beantwoord, maar die volgende woorde het probleme veroorsaak: *antagonis, protagonis* en *tritagonis*. Alhoewel hierdie woorde in die Assesseringstandaarde voorkom, was dit duidelik dat dit bokant kandidate se vuurmaakplek was.

Vraag 11 Storiejoernaal (Kaptein Duiwel)

Dit was die moeilikste opstelonderwerp aangesien die rol van humor gevra is, en nie die humoristiese insidente nie. Kandidate wat net snaakse insidente beskryf het, het gemiddelde punte behaal. Weer eens moet kandidate ontmoedig word om hierdie soort vraag te beantwoord.

Vraag 12 Storiejoernaal (Mutsuku) (Kontekstueel)

By die kortverhale is hierdie vraag die beste beantwoord as gevolg van maklik-verstaanbare vrae. Vraag 12.7 (paragraaf) is nie te swak beantwoord nie, maar feitefoute het tog ingesluip omdat kandidate nie die kortverhale goed geken het nie.

Vraag 13 Versjoernaal: My siel, Pa (Keusevrae)

Baie gewilde keusevraag wat ook getoon het dat kandidate na die gedig wat op die vraestel verskyn kon verwys. Kandidate het daardeur beslis meer bemagtig gevoel.

Vraag 14 Versjoernaal: (Woonstelbewoner)

Baie kandidate het weer eens gesukkel met die terminologie en kon nie woorde soos *kontras* interpreteer nie.

Vraag 15 Versjoernaal (Vrou langs die pad)

Gewilde keuse ten spyte daarvan dat dit die langste gedig was. Kandidate is bevoordeel deur die vraag oor metonimia en vergelyking en het oor die algemeen reg geraai omdat hulle net moes onthou dat ‘n vergelyking die woorde *soos* of *nes* moes bevat.

Vraag 16 Versjoernaal (e-sonnet)

Kandidate wat die vrae hieroor beantwoord het, het gesukkel. Hier het hulle dikwels Engelse woorde gebruik, wat ontoelaatbaar is. Hulle het ook nie geweet waaruit ‘n sonnet bestaan nie. Sommige vrae, bv 16.7 en 16.10 was herhalend.